**LAMBERTSBAAI INWONERS BELANGE FORUM**

Posbus 245
Lambertsbaai
8130

e-pos: lbaai.ibf@gmail.com
webwerf: www.lambertsbaaiibf.yolasite.com
Facebook: www.facebook.com/lbaai.ibf

# VOORSITTER SE VERSLAG – 10 MEI 2012

Dames en Here,

Ek is aangenaam verras met die opkoms hier vanaand. Ek heet u baie welkom by hierdie Algemene Vergadering van die Lambertsbaai Inwoners Belange Forum.

Voordat ons met die vergadering aangaan moet ek sekerlik u laat weet hoeveel lede ons Forum het? Ek is seker dat u baie nuuskierig is om te verneem hoeveel mense bereid is om hul deel by te dra om hierdie Forum suksesvol te laat funksioneer.

Nou kom ek laat u in op die geheim- presies 6 lede! Ja, slegs 6 lede het hulle verwerdig om ledegeld by te dra tot die fondse van die Forum, ten spyte van my oproep per e-pos aan die ongeveer 60 inwoners oor wie se e-pos adresse ek beskik en my beroepe op die Faceboek blad wat ek namens die Forum bedryf!

Dit is vir my kommerwekkend om te sien hoeveel die inwoners van my en die bestuur verwag en hoeveel hulle bereid is om by te dra!

Die vraag ontstaan nou – Wil u as inwoners enigsins ‘n Inwoners Belange Forum hê? As ek moet oordeel aan die navrae wat ek moes hanteer en steeds hanteer rakende die 2012 voorlopige waardasierol dan is daar wel ‘n bestaansreg vir so ‘n Forum wat u sake kan hanteer. Maar wil die inwoners die Forum hê? Is die inwoners, dit is nou U hier teenwoordig, u bure, u vriende en al die ander inwoners van Lambertsbaai bereid om ledegeld te betaal om die uitgawes verbonde aan die bedryf van so ‘n Forum te dek?

Toe ek oorgeneem het op 15 September 2011 het ons het ‘n stewige kontant balans van R3 599.44 gehad. Ons het tans slegs R2 021.34 tot ons beskikking. Maw, ons het met R1 578.10 agteruit geboer. Ons kontantinkomste aan ledegeld was R732.25.

As ek my bydrae wat bereken is op die uitgawes wat ek uit die sak aangegaan het vir reisuitgawes vir LIBF sake na Clanwilliam en drukwerk wat ek uit my sak laat doen het aftrek van die ledegeld ingevorder dan was ons inkomste uit ledegeld ‘n skamele R450.00. Wat ook insiggewend is, is dat ek die enigste bestuurslid is wat ledegeld betaal het. Meer oor finansies in die finansiële verslag. Wat egter baie duidelik is, is dat as ons lede nie ledegeld betaal nie, of anders gestel as ons nie lede werf wat werklik die belange van hul dorp op die hart dra nie en wat bereid is om ledegeld te betaal, en jaarliks hul ledegeld te betaal nie, is daar geen rede om met die Forum voort te gaan nie. Die vraag is, waar staan u wat vanaand hier vergader is? Is u ‘n lid of is u ‘n bystaander?

Voordat ons verder gaan moet ek sekerlik ‘n opsomming gee wat die afgelope jaar gebeur het:

As ons die Notule van die vorige vergadering wat op 15 Sep 20122 gehou was se notule lees (op die keersy van vanaand se agenda gedruk) is daar vier sake wat u as inwoners aan die bestuur van die forum opgedra het ( en nav wat ek hierbo genoem het sonder die geesdrif om selfs ‘n klein bydrae te maak of self die hand uit die mou te steek):

1. Die drie heffings van R20.00 plus BTW wat maandeliks op u diensterekening verhaal word.

2. Die hoë eiendomsbelasting tariewe/faktore waarteen ons eiendomme vir belasting aangeslaan word en die gepaardgaande hoë jaarlikse groei in die tariewe/faktore.

3. Die hoë eiendomswaardasies.

4. Die kommer oor die munisipale bestuursprosesse.

As nuwelinge en oningeligtes het  ons as bestuur baie naïef gedink ons kan in die korttermyn iets aan die saak doen. Ons het klaaglik misluk en tot op datum kan ons niks wys wat julle enige verligting in jul uitgawes sal gee nie. Desnieteenstaande het ons baie dinge gedoen en baie hard gewerk: Kom ons kyk wat vermag is:

- Kommunikasie

  Ons moes kommunikasie met die gemeenskap bewerkstellig. So het ons toe die ondergemelde gedoen. Nie een van die aksies het die Forum enige geld gekos nie en indien dieselfde adresse en reëlings bly voortbetsaan, sal dit die Forum vorentoe niks kos nie:

  - Posadres

    Ons Toerismekantoor het goedgunstelik toegestem dat ons hul posadres kan gebruik mits posvolumes nie onhanteerbaar is nie. So is ons posadres nou:

    LIBF<br>Posbus 245<br>Lambertsbaai<br>8130

  - E-pos adres

    Ons het ‘n e-pos adres geskep. Dit het kommunikasie met owerheidsinstansies en inwoners wat oor e-pos adresse beskik vergemaklik. Die e-pos adres is lbaai.ibf@gmail.com

  - Webwerf

    Ons het ‘n webwerf geskep en dit so wyd as moontlik probeer bekendmaak. Die webwerf adres is http://www.lambertsbaaiibf.yolasite.com

- Facebookblad

  ‘n Facebookblad is ook geskep. Die blad kan gevind word deur op Facebook aan te teken en op die soek blokkie te soek na “Lambertsbaai Inwoners Belange Forum” of ons kan besoek word by www.facebook.com/lbaai.ibf

- Telefoonnommer

  Ons het onlangs ook ‘n vooruitbetaalde selfoonnommer bekom sodat oproepe gemaak kan word en SMS’e gestuur kan word op die LIBF se koste en nie uit die sak van die bestuurslede nie. Die foon is ‘n ou Nokia deur die voorsitter geskenk. Die nommer is 082-260-4586

- Die sake deur u aan ons opgedra

  - Die Drie R20.00 Heffings

    Die drie heffings is deur die vorige DA raad ingestel om in werking te tree in die 2012 boekjaar. Die huidige ANC raad het die DA raad se beluit net ge-implementeer. Die heffing blyk op ‘n regmatige wyse deur die raad ingestel te wees. Ons het die aangeleentheid met die Munisipaliteit, die Burgemeester en die Provinsiale Regering opgeneem sonder enige sukses. Soos later sal blyk, is ons besig met onderhandelinge om ‘n Afriforum tak te stig en so daardie sake wat ons nie self kan besleg nie op ‘n ander vlak te hanteer.

  - Eiendomsbelastingfaktore/Tariewe

    Ons pogings om die saak met die Munisipaleiteit en die Burgemeester persoonlik te bespreek het nog tot niks gekom nie. Ons het ook nog geen reaksie vanuit die Provinsiale Regering gekry nie. Ons weet tans

ook nie wie wetgewing en beleid oor Nasionale waardasiefaktore/-tariewe beheer nie en hoe dit beheer word nie. Soos ek hierbo genoem het wil ons deur Afriforum aandag aan hierdie saak skenk

- <u>Eiendomswaardasies</u>

  U is almal bewus van die 2012 voorlopige waardasierol wat onlangs gepubliseer is. Die Forum het gepoog om die beskikbaarheid van die lys en hoe daar opgetree moet word so wyd as moontlik probeer bekend maak. Ons, in samewerking met die CIV waaroor later uitgewei sal word, het ook 'n groepsbeswaar by die munisipaliteit ingedien. Die wet maak egter nie voorsiening vir groepsbesware nie. Ons het nog geen terugvoer oor ons beswaar ontvang nie. Ons oorweeg tans regsprosesse teen die gebruik van die 2012 voorlopige waardasierol waarteen belastings vanaf 1 Julie 2012 gehef sal word. Dit verg egter bewyse wat in 'n hof aanvaarbaar sal wees en so het ons 'n organisasie wat saam met die Universiteit van Stellenbosch werk gevra om die waardasierol te ontleed en dan 'n gesaghebbende mening daaroor uit te spreek. Ons kan dan met die mening die hof nader vir hulp. Ons word tans egter deur 'n algehele gebrek aan fondse gekniehalter om met regsoptredes voort te gaan. U is sekerlik baie meer as ek bewus daarvan dat om 'n advokaat te huur om ons saak in die hooggeregshof te stel derduisende rande sal kos. As u wil sien dat ons voortgaan met regsaksies, dan sal u sekerlik bydra tot die kostes – of is ek verkeerd?

- <u>Munisipale Bestuur</u>

  Ons as 'n Forum beskik net nie oor die nodige kennis en infratruktuur om raadsbesluite, finansiële verslae ens van die  munisipaliteit behoorlik te kan nagaan nie. Ons het ook nie die gesag om enigsins die munisipaliteit te beweeg om anders op te tree as wat hulle wel doen

nie. Die Provinsiale Regering het self ook net beperkte magte om op te tree. Minister Anton Bredell het egter ‘n oudit na die munisipaliteit se finansiële sake en bedrywighede aangevra en so ‘n oudit behoort binnekort ‘n aanvang te neem.

Verskeie munisipaliteite, waaronder die Cederberg munisipaliteit se bedrywighede is onlangs ondersoek en die ondersoekverslag is tans in die sentrale regering se besit. Sodra die verslag openbaar gemaak word, sal daar, na gelang van die inhoud van die verslag, optrede geneem word. Ons kan maar net wag totdat die verslag bekend gemaak word. Minister Anton Bredell het in ‘n persoonlike onderhoud genoem dat die burgerregte organisasie Afriforum, hulle beywer om die verslag spoedig in die openbare domein te kry.

Dit is egter insiggewend dat verskeie senior amptenare van die Munisipaliteit se administrasie in ‘n baie kort tydjie vervang is en dat selfs die DA raadslid, mnr Johan van Heerden uit die raad bedank het. Ons is nog onseker hoe om hierdie oorhaastige amper waaghalsige vervanging van bekwame senior personeel met jare van ondervinding in munisipale bestuur te hanteer.

- Skakeling met ander Forums/Verenigings

  - Die Cederberg Inwoners Vereniging (CIV)

    Dit was een van die doelwitte van die Forum se bestuur om met ander dorpe in die Cederberg streek te skakel om sodoende ‘n sterker en verenigde front vir onderhandelinge te skep. Die skepping van die Cederberg Inwoners Vereniging (CIV) wat op die inisiatief van menere Louis Röntgen en Gert Kotze van Citrusdal geskied het, het hierdie doelwit afgerond. Die voorsitters van elk van Lambertsbaai, Graafwater, Clanwilliam en Citrusdal se Forum of Vereniging is op die

bestuur van die CIV. Ek is as voorsitter gekies van die CIV. Die CIV het as spreekbuis van die inwoners net veel meer seggenskap as elke dorp se Forum/Vereniging op sy eie. So het die CIV dan ook daarin geslaag om met Minister Anton Bredell ‘n persoonlike gesprek op Clanwilliam te skeduleer. Meneer Bokkie Geyer was ook teenwoordig. Die gesprek het op 24 April 2012 plaasgevind. Die notas wat by die gesprek geneem is, is vertroulik, maar enige inwoner is welkom om met my oor die gesprek te kom gesels.

- <u>Soopjeshoogte en Doorsprong</u>

  Die besture van die Soopjeshoogte- en Doorsprongontwikkelings het hul gewig by die LIBF ingegooi en is nou as outonome liggame ook deel van die LIBF.

- <u>Afriforum</u>

  Afriforum is ‘n Christelike burgerregte organisasie wat hom beywer vir die gelykmatige behandeling van alle Suid Afrikaners ongeag van ras, kleur, seks, politieke oortuigings, geloofsoortuigings of enige ander onderskeidende faktor. Afriforum is op verskeie fronte besig om met hul nasionale verteenwoordiging en verspreiding groot werk te doen op burger regte gebied. Hulle het die kundigheid en die vermoë om vrae te vrae, optredes te verseker en self optredes te neem wat ‘n organisasie soos die LIBF en selfs die CIV nie oor beskik nie.

  Afriforum het takke dwarsoor die land en dit sal in die Cederberg streek se belang wees om ook so ‘n tak te stig.

  - ’n Tak bestaan uit minstens 20 AfriForumlede wat betrokke wil raak in hulle gemeenskap.

- Spesifieke aksies handel rondom sake soos veiligheid en die vestiging van veiligheidsstrukture, munisipale dienslewering (ook op plase soos paaie ens) en omgewingsake.
- Die doel van die tak is ook om soveel rolspelers moontlik te betrek wat ŉ positiewe impak kan maak in die dorp of streek.
- Ledegeld is minimum van R30p.m. waarvan 50 % aan die tak oorgedra word . Dus genereer ŉ tak ook finansies deur sy eie groei.
- AfriForum verskaf die nodige admin rugsteun, grondwet en toepaslike reglemente.
- Gemeenskappe wat georganiseerd is in AfriForum takke is deel van ŉ groot en groeiende struktuur wat ŉ verskil in mense se lewens maak

Die LIBF se bestuur is van mening dat deur ‘n Afriforum tak vir die Cederberg streek te stig, ons meer sal regkry as wat ons op ons eie of deur die CIV sal kan vermag. Die CIV steun in beginsel die skepping van so ‘n tak. Hulle sal binnekort daaroor besluit. Die LIBF bestuur wil al die inwoners van Lambertsbaai aanmoedig om lid van so ‘n te stigte Afriforum tak te word. U moet egter SSM u voorneme om by die tak aan te sluit by my of enige van die CIV bestuurslede bekendmaak. As u uitgaan kan u ‘n Afriforum inskrywingvorm neem en dit aan my besorg by Jasus Lalandistraat 3. U kan dit selfs net in my posbus plaas of u kan dit aan my by die LIBF se posadres (Posbus 245) pos. U moet dit egter aan my besorg sodat ek dit as ‘n groepinskrywing met die oog op takstigting kan hanteer.

Nou uiteindelik is die einde in sig. En soos die ou spreekwoord lui “Die laaste maar nie die minste nie” – wil ek hiermee vir Raadslid Danville Smith gelukwens met sy aanstelling in die Burgemeester se uitvoerende komitee en ook as voorsitter van die Portfolio-komitee oor Finansiële dienste. Ons wens hom alle sukses toe in hierdie aanstellings en bid dat die Here hom krag sal gee om sy taak in beide hierdie hoedanighede met integriteit en toewyding uit te voer en dat dit sy hoogste prioriteit sal wees om in die belang van al die inwoners van die Cederberg streek op te tree sonder inagneming van ras, kleur, seks, kerklike-, politieke- of enige ander oortuigings.

Nou net so ‘n administratiewe takie. U het nou al u kontakbesonderhede gegee. As u aangedui het dat u ‘n betalende lid wil wees, kan u na afloop van die vergadering ‘n lidmaatskapvorm voltooi en u lidmaatskapfooiebetaal:

- By die deur soos u uitgaan;
- In ons bankrekening by Standard Bank rekeningnommer: 086 207 695
- By my aan huis by Jasus Lalandistraat 3.

Die bestuur sal opvolg en u kontak vir betaling as u nie uit u eie kom betaal nie.

Weereens baie dankie met die opkoms en u teenwoordigheid vanaand. Mag al die inwoners van hierdie wonderlike paradys wat Lambertsbaai genoem word ‘n Godsgeseënde lewe hier geniet.

J. J. Mellet
Voorsitter